

**NOTULE VAN UK VERGADERING
KAAP_AGRI PORTERVILLE
7 JUNIE 2013**

1. Opening,verwelkoming en verskonings
Peter Dorrington verwelkom almal en bedank hulle vir hul tyd. Jakobus Smit open die vergadering met gebed. Sien Aanhangsel 1 – Verskonings.
2. Vorige Notule en goedkeuring
Notule van vorige vergadering word voorgehou en goedgekeur. Word aanvaar deur Willem van der Merwe en gesekondeer deur Kobus Eigelaar.
3. Bekendstelling van nuwe personeel
Charl du Plesis stel die nuwe personeel (Jurie van Zyl, Wimpie van der Merwe, Samantha Schröder en David Cleophus) voor aan die vergadering.
4.1 Terugvoering – WCUFPA
Peter verduidelik die doel van WesKaap Saambreel BBV (WCUFPA) en waarmee hy besig is en dat die GCBBV nou ook provinsiaal en nasionaal verteenwoordig word.
4.2 Terugvoering – Algemene bestuur (Sien Aanhangsel 2)
4.2.1 Partnerships and Funding
<ul style="list-style-type: none"> • Pierre Nell van SanParke het vrae oor opleiding geleenthede vanaf GEF Projek. Charl onderneem om inligting hieroor deur te gee sodra hy dit ontvang. • Jakobus wil meer weet oor die versekering projek wat ook deur GEF bydryf sou word. Charl sê dat tenders hieroor uitgereik is maar geen tenders is ontvang nie.
4.2.2 Extesion Services and Firewise Communities (Sien Aanhangsel 3)
Martli vra oor vraag oor noodnommers. Bertus bevestig dat die nommer werk en dat die nommer 10177 tolvry is terwyl die beheerkamer se nommer (022 4338700) en eerder gebruik kan word. Martli vra dat dit so geadverteer moet word en veral onder plaaswerkers versprei moet word. Peter vra dat die noodnommer deur GEF Projek geadverteer word in koerante.
4.2.3 Basis Bestuurders (Sien Aanhangsel 4)
<p>André (Piketberg) gee terugvoering van produksie en aktiwiteite van die afgelope jaar.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Peter bedank André en noem dat sy ervaring die jaar baie vir GCFPA beteken het. • Jurie (Porterville) gee terugvoering van produksie en aktiwiteite van die afgelope jaar. • Dawid (Hopefield) gee terugvoering van produksie en aktiwiteite van die afgelope jaar. <p><u>VRAE:</u></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Kobus het navrae oor die omset van personeel in basisse. Peter verduidelik Hopefield se geskiedenis. 2. Gerhard sê dat daar 'n nuwe basis oopmaak op Mamre en dat ons met die CPFPA moet reël vir die gebruik van die span. Peter sê daar is klaar gereël vir die Mamre span en dat hulle beskikbaar is.
4.2.4 Kantore en koördineringsentrum
<ul style="list-style-type: none"> • Charl nooi almal uit om die kantore later te besigtig, Dispatch is met behulp van GEF befondsing gevestig en help met die koördineringsentrum.

4.2.5 2012 – 2012 Brandseisoen

Charl

- Charl sê dit was 'n baie intensiewe brandseisoen gewees.
- Charl bedank Bertus vir die spanne wat uit die Noorde kom help het.
- Charl – Kontrak met Dispatcher is hernu, Dédé is aangestel as Dispatcher en het drie jaar ondervinding.

VRAE:

Kobus vra wat dit beteken dat 68% van die vure met die initial attack geblus is. Charl verduidelik dat 68% van die vure binne die eerste uur geblus is (met lugondersteuning) Bertus voeg by dat die eerste uur deur die provinsie betaal word, daarna gaan die rekening aan die grondeienaar. Bertus verduidelik verder dat die rekening gestuur sal word na die grondeienaar op wie se grond die vuur oorspronklik ontstaan het. Martlie vra dat die persentasie deurgegee word aan alle lede.

Martli vra dat Charl moet kyk na die kommunikasie strategie. Charl sê dit word aangespreek in die strategiese plan.

Bertus sê dat die boetelys “fines and pennalties” goedgekeur is en sal probleme waar grondeienaars nie aan die wet voldoen nie aanspreek. Bertus bekommer hom dat daar meer brande op lede se gronde ontstaan; hy vra dat eienaars hul eie eiendom moet beveilig en dat hulle self die verantwoordelikheid sal neem om hul wonings skoon te maak.

Eienaars wat nie saamwerk met die brandbestryders in die bestryding van brande op hul eiendom nie; sal rekeninge ontvang. Eienaars wat saamwerk sal die voordeel hê dat daar koste vergelykings sal plaasvind op hul rekening.

Hy noem dat hy 'n plaas as 'n besigheid beskou en indien dit geïnspekteer word en nie aan wetgewing voldoen nie; hy die deure sal kan sluit. Kobus sê hy stem glad nie hiermee saam nie, Bertus sê hy sal nie maklik tot daardie stap oorgaan nie.

VRAE:

1. Charl bevestig dat hulpbronne aan die Weskus beperk is en dat eienaars hul samewerking moet gee.
2. Martli doen ook 'n beroep op lede vir samewerking tussen FPA Lede en die brandweer. Die FPA was altyd die koördineerder op die brandtoneel gewees; grondeienaars is nie bewus van die gesagstruktuur op 'n brandtoneel nie en is geneig om dan op hul eie aan te gaan.
3. Peter en Charl verwys na ICS Opleiding en dat lede sal deelneem aan die opleiding om dan beter insig te verkry in die gesagstruktuur op die brand.
4. Martlie sê dat die grondeienaar sy grond die beste ken en weet waar om die vuur die mees effektiefste te blus. Sy vra dat alle partye in die situasie die grondeienaar sal ken in besluite wat geneem word in die bestryding van die brand op hul grond. Charl sê dat die besigheidseenheid voorsitters opgelei moet word in die ICS Stelsel. Dit sal die verval van kommunikasie verhoed. Hy sê ook dat die uitvoerende komitee verval het en dat dit reggestel moet word.
5. Patrick sê dat hulle tien dae lank vure bestry het by Cape Nature; hy sê dat die Cederberg vuur hulle 1,3 miljoen rand gekos het. Hy sê ook dat vyf nie-goedgekeurde brande; wat deur boere aangesteek is; hulpbronne van oorspronklike brande weggeneem het. Hy versoek dat die boete-stelsel so vinnig

as moontlik in werking sal tree en noem dat sommige grondeienaars onverantwoordelik en selfsugtig optree.
4.2.6 Strategiese Plan
<ul style="list-style-type: none"> • Charl nooi alle lede uit om na die die strategiese plan te kyk en terugvoering te gee.
4.2.7 Standaard Operasionele Prosedures (SOP)
<ul style="list-style-type: none"> • Charl sê dat daar 'n klomp SOP's saam met die strategiese plan geskryf is en dat daar 'n dokument saamgestel is en dat lede welkom is om daarna kan kyk.
4.2.8 Uitvoer van beheerde brande
<ul style="list-style-type: none"> • Charl verwys spesifiek na die SOP van beheerde brande en sê dat dit ten doel het om beheerde brande wat buite beheer raak te beperk; hy verwys na Driehoek vuur. • Bertus vra dat daar na alternatiewe gekyk moet word en dat wetgewing oppad is wat voorbrande baie moeilik gaan maak (lugbesoedeling). • Gerhard sê motiveer jou brand dan sal daar nie 'n probleem wees om 'n brandpermit te kry nie. • Willem sê vandat grondeienaars nie meer self voorbrande maak nie, daar groot brande is. • Bertus sê verder dat vure eerder in onherbergsame area moet brand as om hulpbronne uit te put. Die risiko's moet geïdentifiseer word om te keer dat hulpbronne onnodig uitgeput word. • Charl sê 'n grondeenaar moet sy verantwoordelikhede met 'n voorbrand besef en dat die risiko en verantwoordelikheid steeds by die grondeenaar bly. • Eskom sê dat "bushclearing" deur hulle gedoen word onder hoëspannings drade maar dat hulle tot vier maande moet wag vir permitte as gevolg van fynbos. Patrick sê dat Eskom dit in ag moet neem en vooruit moet beplan. Bertus en Gerhard sê daar is alternatiewe moontlikhede om die permitte vinniger te bekom. Peter vra dat Eskom, Bertus, Gerhard en Charl bymekaar moet kom en die probleem moet uitsorteer. Daar is nie op 'n datum vir 'n volgende vergadering besluit nie. Die vergadering verdaag om 12h45.
4.2.9 Challenges en wat kan vebeter
<p>Implementering van bestuursplanne:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bestuursplanne vir bestuurseenhede: die helfde sal oor twee maande in plek wees. • Bertus vra dat die betuursplan deur lede uitgevoer moet word anders baat dit niks hulle het 'n plan nie. • Patrick vra wie oudit lede in die uitvoer van die plan. • Peter sê dat die brandplan jaarliks geteken en uitgevoer moet word deur lede. • Bertus sê dat om 'n brandplan te hê jou nie vrywaar van vervolging nie, maar dat jy dit moet implimenteer om vrywaring van vervolging te verkry. • Martli sê sy wil nie polisieman wees oor lede nie en Peter verduidelik dat dit die brandweer se verantwoordelikheid is en dat beide lede en nie lede wat nie voldoen aan die wet nie, gerapporteer word aan die brandweer. • Bertus sê dat al die dokumente dit makliker maak vir lede maar dat die brandwet die belangrikste is om na te kom. • Martli sê daar is baie voordele om lid te wees van 'n FPA en vra dat lede aan die vereistes van die bestuursplan voldoen.

Kommunikasie via internet:

- Martli vra dat daar nie te veel dokumente oor die internet uitgestuur word nie aangesien dit moeilik is om alles te lees. Sy sê “less is more”.
- Bertus stem saam en sê dat lede slegs die besigheidsplan nodig het en indien meer inligting benodig word kan hulle dit aanvra. (soos die FDI)
- Jakobus sê die FDI is vir hom belangrik en dat hy dit elke dag nodig het, Charl beaam dit.

Bestuurseenhede:

- Martli sê dat bestuurseenhede nie genoeg vergader nie en vra dat dit aangespreek word.
- Pierre sê lede is nie altyd ingelig oor waar hulle by bestuurseenhede moet inskakel nie.
- Willem sê dis moeilik om bestuurseenhede te kontroleer en dat sy bestuurseenheid baie groot is. Martli sê hulle kan nie bestuurseenhede polisieer nie.
- Charl sê voorsitters van bestuurseenhede moet betrokke wees by vergaderings en aktiwiteite van die vereniging en in hul eenhede.
- Bertus stel voor dat bestaande strukture gebruik word saamstel van eenhede. (Byvoorbeeld boereverenigings)
- Martli vra wat die doel van die uitvoerende bestuurskomitee is. Sy stel voor dat die uitvoerende bestuurskomitee lede twee maal per jaar vergader in die bestuurseenheid, dat lede se teenwoordigheid aangeteken word en dat ‘n notule gehou word.
- Peter vra dat besigheidseenhede weer op spoed moet kom en dat terugvoering oor vordering gegee moet word.
- Bestuurseenhede moet aktief raak, die voorsitter moet aktief wees en ‘n kwartaalike verslag lewer oor wat in eenhede plaasvind.
- Peter vra vir Bertus of lede van die brandweer die bestuurseenheidvergaderings kan bywoon. Bertus bevestig dat dit moontlik is.

Lewensvatbaarheid

- Peter sê dat daar tans ongeveer 600 lede is en dat ons 1000 na 1100 lede moet hê om ons organisasie lewensvatbaar te maak. Bertus verwys na die voordeel van lidmaatskap en noem dat nie-lede onder dieselfde reëls en voorskrifte van die bestuursplan is. Jakobus sê dat ons tans sukkel om 600 lede te bestuur en wil weet hoe gaan ons 1100 bestuur. Peter antwoord dat ons lede dan ‘n groter area dek en dat dit dan makliker behoort te wees, hy voeg by dat die Suid Kaap die voorbeeld is wat ons volg en dat ons daarna werk.

Bemaking:

- Charl noem dat die BBV bemark gaan word by skoue en dat hy tans soek na borge vir vervoer van die spanne.
- Charl noem dat die ontwikkeling van die web-tuiste van die GCFPA deur GEF Projek gefinansier gaan word.
- Gerhard vra dat spanne bemark word en sê dat produksie van spanne belangrik is, en vra dat lede spanne moet gebruik in probleem areas.

<ul style="list-style-type: none"> • Patric vra dat hulle ingelig sal word indien grondeienaars nie meer lid is van die FPA nie as gevolg van wanbetaling of enige ander redes. Peter sê daar word 'n maandelikse lys uitgestuur na voorsitters met alle bestaande lede se name op. Hy sê ook dat lede vir drie maande gedra word en dat daar 'n sosiale verantwoordelikheid is om sekere lede te dra soos bv. kerke. 	
5. Uitvoerende Komitee	
5.1 Vewysingsraamwerk.	
<ul style="list-style-type: none"> • 5 -7 aktiwiteite per lid en sal deur Charl opgestel word. 	
5.2 Vergoeding	
Charl se dat privaat UK lede R 1000 ontvang as hulle 4 vergaderings bywoon. Sal sal pligte en vernatwoordelikhede van UK lede bepaal en uitstuur vir kommentaar.	Jacobus Smit stel voor en Willem vd Merwe sekondeer
Bertus sê hy mag geen betaling ontvang nie – word aanvaar	
5.3 Verkiesing	
Charl identifiseer die volgende eenhede waar <u>daar nie verteenwoordigers is nie.</u>	
<ol style="list-style-type: none"> 1. Noordelike Cederberg 2. Malmesbury 3. Olifantberg 4. Olyfboschkraal 5. Hopefield 6. Aurora/Velddrift 7. Moorreesburg 8. Yzerfontein/Darling 9. Piketberg 	
<p>Voorstelle aanvaar vir nuwe verteenwoordigers - Martli Slabber – verteenwoordig Sneeuberg, Andries Mouton - Hetkruis Melanie Duthlie van Cape Nature sal in Malmesbury as verteenwoordiger optree.</p>	
6. Vergoeding vir lede werwing. – Nie Personeel	
<ul style="list-style-type: none"> • Charl stel voor dat bestuurseenhede se voorsitters vergoed moet word vir lede wat hulle werf. Dit kan uit die aansluitings fooi betaal word.(R250-R500). Charl en Peter sal die detail uitsorteer. • Willem vra dat ons versekeringsmaatskappye gebruik vir die werwing van lede. Hy vra ook dat hulle die lede sal inlig van die dekking op brande. • Bertus stel voor dat daar gekyk word na vergoeding vir aktiewe voorsitters van bestuurseenhede. Moontlike afslag op ledegeld. Charl en Peter sal daarna kyk (Staats-instansies word hierby uitgesluit). 	<p>Jakobus / Willem vd Merwe</p> <p>Willem vd Merwe/ Jacobus</p>
7. Salarisse	
Word voorgehou en algemeen aanvaar dat daar 'n verhoging van personeel wat langer as 13maande indiens is van die GCBBV. Dit is slegs op die bydrae wat deur GCBBV gemaak word aan die bestaande personeel se salarisse.	
8. Jaarvergadering	
Die volgende jaarvergadering is 1 Augustus 2013 te Moorreesburg. (Venue sal deur Bertus bevestig word.	

9. Afsluiting

Peter bedank almal teenwoordig. Die vergadering verdaag 13h05.